# Kingswood College
# Departement Afrikaans

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
## GRAAD 12

## VRAESTEL 1

**Eksaminator**: Mnr. D. Koen
**Moderatore**: Mnr. T. Scholtz
Me. M. Muller
Me. T. Bakkes

**Tyd**: 2½ UUR
**Totaal**: [100]
**September 2015**

Leeruitkomste en Assesseringstandaarde:

**LU 2 (AS'e 2.1, 2.2, 2.4.), LU 4 (AS'e 4.1, 4.3, 4.4)**

**INSTRUKSIES**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **16** bladsye.
2. Lees die vraestel deur voor jy die vrae beantwoord.
3. Beantwoord alle vrae in **Afrikaans**.
4. Trek 'n kantlyn aan die **REGTERKANT** van elke antwoordblad.
5. Nommer jou antwoorde presies soos dit op die vraestel verskyn.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Goeie taalgebruik en spelling sal in jou guns tel.
8. Sterkte en lekker skryf!

**Afdeling A**
**Vraag 1 – Artikel**

**Lees die onderstaande teks noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae soos versoek.**

# Staatshoofde en hul uitspanplekke

Wat is ’n staatshoof sonder ’n lekker uitspanplekkie? Die vorige Oekraïnse president, Viktor Janoekowitsj, het een gehad. Die selfbenoemde keiser Jean-Bedel Bokassa, van die Sentraal-Afrikaanse Republiek (SAR) ook. David Cameron van Brittanje, George Bush van Amerika, noem maar op.

Ons eie staatshoof, pres. Jacob Zuma, besit die Nkandla-familiekompleks in die groen heuwels van KwaZulu-Natal. Die openbare beskermer, advokaat Thuli Madonsela, sê presies wat sy dink in haar verslag oor die misbruik van R246 miljoen se belastinggeld vir die verfraaiing en uitbreiding van die weelderige paleiskompleks.

Wat skort dan daarmee? Is die gebruik van staatsgeld vir ’n staatshoof se vakansiewoning regtig so ongewoon? As ’n mens kyk na voorbeelde elders ter wêreld, is die antwoord ja en nee.

Viktor Janoekowitsj se paleis buite Kiëf is baie weelderig. Sy geskokte landgenote het soontoe gestroom om na die oordrewe weelde te kyk en foto’s en videogrepe is wêreldwyd versprei.

Nog ’n bekende voorbeeld is Bokassa, wat in 1966 deur ’n staatsgreep in die SAR aan die bewind gekom het. Hy het homself in 1976 tot keiser laat kroon en die land herdoop tot die Sentraal-Afrikaanse Keiserryk. Die seremonie het destyds R17,4 miljoen gekos, wat ’n kroon vol diamante van sowat R4,35 miljoen ingesluit het. Die "keiser" se bad in sy paleis is gemaak van suiwer goud.

Seker die magtigste mens ter wêreld, president Barack Obama van Amerika, besit ’n groot huis in Chicago. Omdat dit moeilik beveiligbaar is, kom hy omtrent nooit daar nie. Sy woonplek is die Withuis in Washington, DC, of die afgeleë presidensiële ontspanningsoord, Camp David. Aangesien albei staatsbesit is en vir amptelike doeleindes gebruik word, finansier die staat hul instandhouding en enige moontlike opknappingswerk.

Die Duitse bondskanselier, doktor Angela Merkel, is waarskynlik die magtigste vrou ter wêreld. In Berlyn bly sy in ’n eenvoudige woonstel. Merkel het ’n huis in Höhenwalde, sowat 100 km noord van Berlyn, waarheen sy graag naweke gaan. Höhenwalde is ’n piepklein plekkie met net sowat 20 huise. Haar huis is gerieflik, maar taamlik eenvoudig. Deursigtige latwerk is die enigste omheining en drie polisiebeamptes is aan diens in ’n staalhouer naby die huis wat as polisiepos dien. Verder is daar niks nie.

**(Blaai asseblief om)**

En Suid-Afrika se vorige presidente? Terwyl hy president was, het die staat betaal vir die verbetering van die muur om F.W. de Klerk se eie woning in Kaapstad, om veiligheidskameras aan te bring en 'n kamer en toilet vir die veiligheidswagte te bou. Onderskeidelik R28,2 miljoen en R3,5 miljoen is bestee aan veiligheidsmaatreëls by wyle oudpresident Nelson Mandela en oudpresident Thabo Mbeki se private wonings. Dit verskil in twee opsigte van die Nkandla-affêre. Eerstens is die geld net aan veiligheidsmaatreëls bestee, terwyl Nkandla se R246 miljoen gedeeltelik vir die paleiskompleks betaal het. Tweedens is die bedrae geld wat betrokke is, net 'n klein deeltjie van die miljoene wat op Nkandla spandeer is.

Dis duidelik dat geldspandering op staatsmanne se private wonings wissel van spaarsamig tot buitensporig.

**[Bron: *Huisgenoot* , 3 April 2014]**

[490 woorde]

1.1. Wat is die naam van Jacob Zuma se uitspanplekkie? (1)

1.2. Verduidelik wat 'n uitspanplekkie is. (1)

1.3. Watter woord in die **eerste paragraaf** sê vir ons dat Viktor Janoekowitsj nie meer die Oekraïnse president is nie? (1)

1.4. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**? Motiveer jou antwoord deur so kort as moontlik uit die **tweede paragraaf aan te haal**.

*Die geld wat Jacob Zuma by Nkandla spandeer het, was net vir die sekuriteitsopgradering van die kompleks.* (2)

1.5. Beskryf in jou **eie woorde** wat die mense in Oekraïne in **paragraaf 4** gedoen het nadat hulle van Viktor Janoekowitsj se oordadige paleis te hore gekom het. (1)

1.6. Van watter land in Afrika het Bokassa homself tot keiser laat kroon? (1)

1.7. Hoeveel het die bogenoemde kroningseremonie gekos? (1)

1.8. Kies slegs die korrekte antwoord. Skryf slegs die **nommer** en die **letter** op jou antwoordblad neer.

*Obama se huis in Chicago is "moeilik beveiligbaar"* in paragraaf 6 beteken:

A: die huis is reeds veilig genoeg.
B: die huis is te groot om veilig te wees.
C: dit is moeilik om die huis veilig te maak.
D: die huis is te ver van ander huise af. (1)

**(Blaai asseblief om)**

1.9. Wat is die name van die twee wonings wat die Amerikaanse president gebruik? (2)

1.10. Verduidelik in een sin, in jou **EIE woorde**, wat die grootste verskil tussen Angela Merkel en Viktor Janoekowitsj se huise is. (1)

1.11. Kyk na die volgende tabel oor die Suid-Afrikaanse staatsmanne se geldspandering. Voltooi dan die sinne om jou gevolgtrekkings duidelik te maak.

| Staatsman | Bedrag spandeer |
|---|---|
| F.W. de Klerk | R352 000 |
| Thabo Mbeki | R3,5 miljoen |
| Nelson Mandela | R28,2 miljoen |
| Jacob Zuma | R246 miljoen |

a. Die president met die grootste spandering is _____.

b. F.W. de Klerk het die _____ spandeer.

**Kies die korrekte antwoord.**

c. Geldspandering op staatshoofde se private huise het sedert 1994, toe Nelson Mandela president geword het, **(verdubbel / vermeerder)**. (3)

**[15]**

=============================================================

**(Blaai asseblief om)**

**Vraag 2 – Advertensie**

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae soos versoek. Volsinne word nie vereis nie.

# Rekenaars – die ideale loopbaan vir jou!

Die Rekenaaropleidingskool (ROS) bied die afgelope 10 jaar 'n wêreldwye erkende diplomakursus in rekenaarvaardighede aan.

Die kursus word spesifiek gemik op naskoolse matrikulante wat die wêreld van rekenaars wil betree. Dis 'n korter alternatief as 'n graad of tegnikonkursus en is prakties en intensief.

**Studiemetode**

Die omgewing waarin studente werk, is ruim, gerieflik en stabiel. ’n Selfstudiemetode word gebruik en studente kan teen hulle eie pas werk. Dosente gee individuele aandag en is voltyds beskikbaar.

**Inskrywings en werksgeleenthede**
Jy kan regdeur die jaar inskryf. Die kursusse is op werksgeleenthede in die rekenaarbedryf gerig en moontlikhede van werksgeleenthede word gedurig ondersoek. 95% van ROS-studente het al werk in die rekenaarbedryf gekry.

**[Verwerk uit *Afrikaans Tweede Taal HIGCSE*]**

2.1. Haal **drie agtereenvolgende woorde** uit **paragraaf 1** aan wat vir jou sê dat jy hierdie diploma enige plek in die wêreld kan gebruik. (1)


2.2. Hoe weet jy dat rekenaarwetenskap nie ’n nuwe vak is nie? (1)

2.3. Watter tipe mense, dink jy, sal in hierdie kursus belangstel? Noem **twee** en gee **telkens ’n rede vir jou antwoord.** (4)

2.4. Al is dit ’n selfstudiekursus, hoe weet jy dat jy enige tyd hulp sal kan kry as jy vashaak? (1)

2.5. Sê of die volgende stellings **WAAR of ONWAAR** is en haal so kort moontlik uit die leesstuk aan om jou antwoord te motiveer.

2.5.1. Jy moet voor Julie aansoek doen om die kursus te volg. (2)
2.5.2. Jy word ’n werksgeleentheid gewaarborg as jy die kursus voltooi. (2)



**[11]**

==========================================================

**(Blaai asseblief om)**

**Vraag 3 – Strokiesprent**

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord dan die vrae.

Beskrywing van strokiesprent: In die prent vee ‘n man sweet van sy voorkop af en sê: “Dis nou so warm, ek sal steel vir ‘n brandpoel!”

**[Uit: *Beeld*, 20 Januarie 2014]**

3.1. Noem **TWEE dinge** wat vir ons wys dat dit baie warm is. (2)

3.2. Wat noem ons die ding in die agtergrond waarmee ’n mens water in ’n dam in pomp? (1)

3.3. Hoekom sê die wurm: “Oom, trek Nkandla toe!” (1)

**[4]**

**Totaal Afdeling A: [30]**

==============================================================

**(Blaai asseblief om)**

## Afdeling B – Opsomming
## Vraag 4

**Lees die volgende gids goed deur. Som dan die VYF belangrikste stappe op wat jy moet doen nadat die kelner vir jou 'n glas wyn in 'n restaurant geskink het om te proe.**



(a) Nommer jou stappe van 1 tot 5.
(b) Jou opsomming moet **60–80 woorde** lank wees, of jy sal punte verloor.
(c) Skryf jou lys sover moontlik in jou eie volsinne – moenie direk uit die teks aanhaal nie.
(d) Moenie meer as een sin oor elke stap skryf nie.
(e) Skryf die aantal woorde wat jy gebruik het, aan die einde van jou opsomming neer.
(f) Begin elke sin met 'n **werkwoord**, bv. "**Bestudeer** die wynlys ...", "**Vra** die kelner ..."

### HOE OM WYN IN 'N RESTAURANT TE PROE SOOS 'N KENNER

Wanneer jy oud en ryk genoeg is om jou meisie na iets beters as die plaaslike Spur te neem vir 'n romantiese aandete, is die kanse goed dat die kelner jou gaan vra of jy die wynlys wil sien. Nadat jy 'n bottel gekies het, sal hy jou ook vra of jy die wyn eers wil proe. As jy jou meisie wil beïndruk, sal jy hom positief beantwoord. Die volgende metode sal jou soos 'n wynkenner laat lyk.

Die kelner sal 'n kwartglas wyn skink. Sowel rooi as wit wyn behoort deurskynend te wees – nooit troebel nie. Wanneer jy die glas teen die lig ophou sodat jy die kleur kan vasstel, is dit raadsaam om die glas effens na die een kant te kantel.

Om suurstof by die wyn in te meng sodat dit kan "asemhaal" en die geure kan vrylaat, moet jy die wyn rondspoel in die glas. Strepies wyn sal dan ook aan die glas vasklou, wat 'n aanduiding is van hoe alkoholies sterk die wyn is: Hoe hoër die alkoholiese inhoud, hoe meer wyn sal aan die glas klou.

Die volgende stap is om die wyn goed te ruik sodat jy die aroma of "neus" van die wyn kan toets. Indien dit 'n muwwerige of stowwerige reuk het, of net gewoon sleg ruik, kan jy seker wees die wyn is "gekurk" of is nie meer drinkbaar nie.

Die hele idee is uiteindelik tog om die wyn te drink. Indien die wyn die vorige stap geslaag het, neem 'n teugie daarvan en laat dit oor al die smaakkliere in jou tong

en tandvleis spoel. Wees tog net versigtig: Jy is nie nou besig om jou mond met Listerine uit te spoel nadat jy jou tande geborsel het nie! Wees subtiel!

Normaalweg sou jy die wyn uitspoeg nadat jy dit geproe het, maar nie met hierdie geleentheid nie. Sluk die mondjievol wyn en beoordeel die nasmaak daarvan. Tensy jy regtig nie van die wyn se smaak hou nie, vra dan die kelner om julle glase te skink.

[Vertaal en verwerk uit *150 Things every man should know* - Gareth May]

**[10]**


(342 woorde)

=============================================================================

**Afdeling C – Poësie**
**Vraag 5 – Ongesiene gedig**

**Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae soos versoek.**

**"Brief" deur Fernel Abrahams**



Mammie, ek skryf ook vir Ma 'n kaalvoet gedig
sommer so, nes Antjie
maar ek gebruik soms leestekens
en ek sal nie vir Mamma "jy" sê nie
want dit hoort vir my
nes plastiekblomme en wit skoene
nie by Ma nie.

Ek het grootgeword, weet Ma –
ek skrik soms vir myself
want my skoolbaadjie pas nie meer nie
my hare is lank
ek wil 'n oorbel dra
ek bid byna nooit nie
en ek glo nie sommer net in God nie
ek dink, praat, skryf selfs oor die dood
– ek wonder of Ma van my verse sal hou –

Ek weet Ma sou wou hê ek moes klein bly –
en ek het nie
kon nie
'skuus Mammie
maar ek is nog Ma se kind
grootmenskind
anderster kind

5.1. Hoekom sê die spreker in **reël 1** dat hy “ook” vir sy ma ’n gedig skryf? (1)

5.2. Noem **twee** dinge wat die spreker voel nie by sy ma pas nie. (2)

5.3. Sê in **jou eie woorde** waarom die spreker soms vir homself skrik (**reël 9**). (1)

5.4. Noem **twee maniere** waarop die spreker verander het noudat hy ouer is. (2)

5.5. Is Abrahams se gedig regtig so eenvoudig soos hy beweer (sê)? Verduidelik jou antwoord. (1)

5.6. Verduidelik die **paradoks** in die reël: “grootmenskind” (2)

5.7. **Haal die reël aan** waar hierdie spreker, net soos in Antjie Krog se gedig “Ma”, vir sy Ma om verskoning vra. (1)

**[10]**

=================================================================

**(Blaai asseblief om)**

**<u>Vraag 6 - Gesiene gedig</u>**


**<u>Die volgende vrae is gebaseer op Alta Marincowitz se gedig “Eksieperfeksie”. Lees die gedig deur en beantwoord die vrae soos versoek.</u>**

## Eksieperfeksie



Ons is ’n eksieperfeksie gesin.
Ek lyk op ’n haar na Ma
en Boetie trek op Pa.
Eksieperfeksie.


Ons is ’n eksieperfeksie gesin.
Eet lae-GI-hawermout,
groente, vrugte, witvleis en min sout.
Eksieperfeksie.



Ons is ’n eksieperfeksiegesin.
Staan soggens op vir gym:
swem, Pilates, gewigte, spin.
Eksieperfeksie.

Ons is ’n eksieperfeksie gesin.
Pa en Ma het goeie werk,
kinders presteer, en Sondae is dit kerk.
Eksieperfeksie.

Ons is ’n eksieperfeksie gesin.
Ons hou van kuns en maak musiek,
word omring deur ‘n goeie vriendekliek.
Eksieperfeksie.



21. Ons is ’n eksieperfeksie gesin.
22. Net ek word ‘n bietjie vet.
23. Ek gaan gereeld na die toilet,
24. druk ’n vinger in my keel en spoel
25. en was en was my hande.

26. Eksieperfeksie.

**(Uit: *Toulopers*, 2011: 28)**

6.1. Wat impliseer die volgende beskrywing in strofe 1 van die ouers se huwelik: “Ek lyk op ’n haar na Ma en Boetie trek op Pa”? (1)

**(Blaai asseblief om)**

6.2. Hoe weet ons dat die gesin gesonde eetgewoontes het? Haal uit die gedig aan om jou antwoord te motiveer. (2)

6.3. Waarom, dink jy, doen hulle so baie oefening? (1)

6.4. Die woord “kliek” in reël 19 het ’n **negatiewe** konnotasie. Verduidelik wat ’n “kliek” is en tot watter tipe “kliek” die gesin behoort. (2)

6.5. Waarop dui “was en was my hande” in **strofe 2**? (1)

6.6. Aan watter tipe siekte kan die spreker moontlik ly? (1)

6.7. Wat is die **tema** van die gedig? (2)

**[10]**

===========================================================================

**(Blaai asseblief om)**

**Vraag 7 – Gesiene gedig**

**Die volgende vrae is gebaseer op Annie Klopper se gedig, "hoe die band ontstaan het". Lees die gedig deur en beantwoord die vrae soos versoek.**

# hoe die band ontstaan het

*met verwysing na Frederic Prokosch se "Evening"*

Niekie van den Berg se stem uit 'n radio langs 'n strykplank
het aangedui dat dit 'n veilige middag was in 'n ewe veilige buurt
waar die koper-kakkies op kaggels waarskynlik gereeld
afgestof word
en 'n nuwe pienk overall vir die bediende waarskynlik gereeld
gekoop word
die windstil aard van die dag het boomtakke gewoon
onskadelik laat vertoon
waar dit hang oor strate waardeur kinders van die skool af loop
met tasse waarin boeke soos goeie maniere stilsit
sonder enige planne om dalk later grensverskuiwende
impak te maak
die boeke sou soet stilbly terwyl die skooltas deur 'n agterdeur,
verby Niekie se stem en
vars strykwerk
deur 'n geurige kombuis
gesleep is
terwyl die sisgeluid wat 'n strykyster graag maak
aangedui het dat alles steeds veilig was –
die borrels in die pastapot en plekmatjies
die onuitdagende houding van die sout- en peperpotjies
en die gemak waarmee vuil skoolklere
in 'n wasgoedmandjie val,



was alles aanduidings dat alles min of meer
ewe veilig was
as laas week min of meer dieselfde tyd
die staanhorlosie het immers so gemoedelik getik
’n mens sou dink
dat tyd onbaatsugtig was –
maar terwyl die kerktoring ewe standvastig as laas week
laer af in die straat dieselfde grys as vroeër was
en bakstene met dieselfde voorspelbare gemak
aan mekaar verbind gebly het as vroeër
terwyl stoele aan etenstafels dié aand met dieselfde
oorbekende, onrevolusionêre klank op linoleum
onder tafels uitgeskuif is
en hande ewe warm as gister gevat is,
het die harte van kinders in menige huise
skielik begin skud met vrees en begeerte
dat daar in musiek uitgebars is
en lywe begin brand het

**(Uit: *Toulopers*, 2011: 46–47)**

**(Blaai asseblief om)**

7.1. Gee ’n **kort beskrywing** van die wêreld in die **eerste gedeelte** van die gedig (reëls 1–37)? Noem **een feit**. (1)

7.2. Hoe **verander** die wêreld in die tweede gedeelte (reëls 38–41) van die gedig? (1)

7.3. In die gedig is daar baie woorde met die voorvoegsel **on-** soos "onskadelik" (reël 8), "onuitdagende" (reël 21), "onbaatsugtig" (reël 28) en "onrevolusionêr" (reël 35). Hoe dra hierdie woorde by tot die betekenis van die gedig? (1)

7.4. Wat word die **stylfiguur** in reël 18: "die sisgeluid wat ’n stoomyster graag maak" genoem? Skryf slegs die vraagnommer en die **korrekte letter** neer.

A: Sinestesie
B: Sinekdogee
C: Personifikasie
D: Onomatopee (1)

7.5. Haal ’n **versreël** in die gedig aan waar die **wending** begin. (1)

7.6. Waar in die gedig vind die werklike wending plaas? Skryf slegs die versreël neer. (1)

7.7. Reël 37 lees "en hande ewe warm as gister gevat is".

7.7.1. Wat is die **letterlike** betekenis van reël 37? (1)
7.7.2. Wat is die **figuurlike** betekenis van reël 37? (1)

7.8. Watter **twee kontrasterende emosies** ervaar die kinders op een gegewe oomblik? (2)

**[10]**

**<u>Totaal Afdeling C</u>: [30]**

==========================================================================

**(Blaai asseblief om)**

**Afdeling D**
**Vraag 8 – Woordstrukture**

**Bestudeer die onderstaande strokiesprent. Gee telkens die korrekte vorm van die vetgedrukte woord deur die opdrag tussen hakies uit te voer.**

**In die strookprent staan 'n vrou langs 'n persoon se bed (die persoon het die kombers oor sy kop getrek). Die vrou sê: "Maggies,Manie. Ek weet die kinders spot jou. Ek weet die kinders boelie jou. Maar jy moet skool toe gaan. Jy is die skoolhoof!"**

Dit is 8.1. (**Woensdag – gee die afkorting**) en Manie wil nie skool toe gaan nie. Dit is 8.2. (**6:30 – skryf die tyd uit**) en hy is nog nie 8.3. (***awake*** **– gee die Afrikaanse woord**) nie. Manie sal 8.4. (**vroeg – gee die vergrotende trap**) moet opstaan as hy 8.5. (**tydelik / tydsaam / betyds – kies die korrekte woord**) wil wees. Op die bedkassie is daar 'n 8.6. (**lamp – gee die verkleinwoord**), 'n beker koffie en 'n boek. Manie lees 8.7. (**elke aand – gee een woord**) uit die boek. Manie is al vir 8.8. (**12 – skryf die woord**) jaar 'n onderwyser 8.9. (**by / op / aan - kies die korrekte voorsetsel**) dieselfde skool. Sy tas 8.10. (**in + wat – gee een woord**) sy boeke is, is 8.11. (**baie oud – gee die intensiewe vorm**). Dit is nie 8.12. (**kind + speletjies – gee die samestelling**) om 'n onderwyser te wees nie. Daar is baie 8.13. (**les – gee die meervoud**) om te gee. Die stout kinders maak dit 8.14. (**maklik – gee die antoniem**) om klas te gee. Gelukkig het Manie 8.15. (**goed – gee die korrekte vorm van die woord**) kollegas. As dit pouse is, kry 8.16. (**gee die korrekte voornaamwoord**) darem 'n ruskansie.

**[16 x ½ = 8]**

==========================================================================

(Blaai asseblief om)

Vraag 9 – Sinstrukture

**Bestudeer die strokiesprent hier onder en herskryf die sinne soos aangedui:**

In die strookprent staan 'n man en braai hamburgers. Dis sigbaar dat 'n vrou in die kombuis staan en kos maak. Orals staan vuil eetgerei rond. Een seun sê vir 'n ander: "Pa maak hamburgers. Dis beter as Ma se eksperimente!"

9.1. Die man staan en doen eksperimente by die tafel.
**In die verlede ...** (1)

9.2. Die vrou moet etes vir haar gesin voorberei.
**In die toekoms ...** (1)

9.3. Is daar nog skoon potte in die kombuis?
**Nee, ...** (1)

9.4. Die kinders moet hul ma met die skottelgoed help.
**Die kinders behoort ...** (1)

9.5. Die seuntjie dra 'n gestreepte hemp. Hy praat met sy sussie.
**Die seuntjie wat ...** (1)

9.6. Die vrou staan voor die stoof omdat sy kos maak.
**Die vrou staan voor die stoof om ...** (1)

9.7. Die vrou het die sous in die pot geroer.
**Die sous in die pot ...** (1)

(Blaai asseblief om)

9.8. Die dogtertjie sê: "Die kat is bang wanneer sy die rookwolke sien."
**Die dogtertjie sê dat ...** (1)

9.9. Die man probeer hard. Sy eksperimente is steeds 'n flop.
**Al ...** (1)

9.10. Die man maak hamburgers. Hy moet alles opruim.
**Nadat ...** (1)

9.11. Die venster in die kombuis word deur die vrou oopgemaak.
**Die vrou ...** (1)

9.12. Die kat weet wanneer die kos sleg is.
**Gister ...** (1)

**[12]**

================================================================================

**Vraag 10 - Kommunikasie**

Bestudeer die onderstaande spotprent en skryf 'n gepaste respons vir elkeen van die scenario's langs die korrekte nommer op jou antwoordblad neer.

(Elke respons moet **12–18 woorde** lank wees.)

In die strookprent vra 'n pa vir 'n seun: "En dit? 'n F vir Afrikaans?"
Die seun reageer: "Maar Pa, dit staan vir freeslik goed!"

10.1. Die pa is **ontsteld** oor die seun se punte op sy rapport. Wat sê hy vir die seun? (2)

10.2. Die seun gee redes hoekom sy punte swak is. Watter redes gee hy vir sy pa? (2)

**(Blaai asseblief om)**

10.3 Die pa is **kwaad** en besluit om die **seun te straf**. Skryf neer wat hy sê. (2)

10.4 Die seun se **onderwyser** is ook **bekommerd** oor hom. Wat sê die onderwyser vir die seun om hom te **motiveer**? (2)

10.5 Die seun is **jammer** oor sy swak punte en weet dat hy harder moet werk. Wat sê hy vir die **onderwyser**? (2)

**[10]**

**Totaal Afdeling D: [30]**

================================================================================

# GROOTTOTAAL: [100]

